



FRANSE SENDING

Kindereuangelisasie (CEF)



Ds Johan en Rita Bloemhof  
Daaglikse Gebedsversoeke No.105

## JANUARIE - FEBRUARIE - MAART 2018

*Baie dankie vir jou aktiewe deelname aan die uitbreiding van God se Koninkryk in Frankryk deur voorbidding en gawes.*



*Dit is bemoedigend om te besef dat God 'n bepaalde plan met ons lewens het. Jy en ek pas in 'n ewige Raadsplan van God met die wêreld.*

*Koningin Ester van die Bybel is God se instrument toe dit lyk of alles verlore is vir God se volk. Iemand (haar neef) moes haar tot sinne bring deur te sê: "Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!". Hy was inderdaad reg gewees - Deur haar waagmoed en standpunt inname het die Soewereine God hoop gebring vir 'n hele volk. Elke gelowige PAS IN IN 'n ewige roeping om hoop te bring. Die Bybel sê: In Christus Jesus het God ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor ons bestem het. Efes.2.10b*

*Mag jy gedurende 2018 elke dag God se teenwoordigheid ervaar en Sy oorvloedige seëninge.*

*Johan en Rita BLOEMHOF*

## JANUARIE 2018

« Laat jou lewe aan die Here oor, **vertrou op Hom** ;  
Hy sal sorg » Psalm 37.7

1-2 Mag die Here jou **elke dag in 2018** dra en in al jou behoeftes voorsien volgens die rykdom van Sy groot genade.

3-4 **Hélène-Laure verjaar die 4e.** Loof die Here vir haar en haar man se ywer vir God en die kerk. Bid dat die Here hulle elke dag geestelik sal skool deur die Bybel en hulle huwelik seën. Dank God vir hulle stralende seuntjie Théo. Bid dat hy jonk God se hand van liefde deur geloof in Jesus sal neem en sy hele lewe aan Hom toevertrou

5-6 **Johan Bloemhof.** Dank die Here vir baie geleenthede om God te dien en vir gesondheid. Bid vir die voorbereiding vir die deputasie besoek in SA – preke, optredes, Pinkster dienste, bidure.. dat God lei en elke geleentheid sal seën.

7-8 **Jongmense in ons huis.** Dank die Here vir elkeen. Loof God vir **Sarah** en bid vir 'n goeie Christen lewensmaat, **Samuel** vir sukses op studies en sy getuieis, **Zach** (sendeling kind) se bediening. Bid vir **Benjamin** se bekering.

9-10 **Internet webblaai Evangelisasie en dissipelskap.** Bid vir die beraders wie elke dag van die jaar kinders se Bybelstudies korreger.

11-12 **Kerkraadsvergadering plaaslike gemeente.** Bid vir leiding en wysheid.

13-14 **Veritas Module 1 opleiding.** Dank die Here vir 23 mense waarvan twee Turkse leiers. Bid dat almal goed toerus word om die Bybel te verstaan.

15-16 **Kersfees klubs.** Loof die Here vir al die kinders wat op die wyse in Desembermaand met die evangelie in woonhuise en kerke bereik is. Bid vir die opvolgwerk, dat gereelde Goeie Nuus klubs daaruit voortvloei.

17-18 **Rita Bloemhof.** Bid dat alles wat ek doen in die gemeente, huis en kinderbediening, ek dit van harte doen vir die Here en nie vir mense nie. Dank God vir gesondheid.

19-20 **Bybelverspreiding.** Loof die Here vir die groot belangstelling by gemeentes om die Woord en Evangelie by gesinne uit te bring.

21-22 **Internet bedieninge Dinkskrum.** Strategiese beplanning vir dié bedieninge onder kinders en tieners in die Franssprekende wêreld – ongeveer 50 miljoen. Bid vir wysheid en werkers.

23-24 **Timothée en Julie Bloemhof.** Dank God vir hulle liefde vir Hom. Bid dat hulle bly groei in Sy Woord en weet hoe om klein Eliott en Simon in Sy weë op te voed. Bid asb. vir volle genesing van Simon se niere.

25-26 **'CITYKIDS' 2018** 'n CEF Europese projek om soveel kinders moontlik in die groot stede te bereik. Bid dat gemeentes gemotiveerd sal wees.

27-28 **Johan Preek** in ons Franse tuisgemeente. Bid vir getroue Skrifprediking en vir die vernuwning en oorgawe van harte.

29-31 **Geloofsending.** Dank die Here vir elke ondersteuner, bid dat Hy hulle ryklik sal seën en dat Hy in die werkers se persoonlike behoeftes en bediening kostes sal voorsien.

## FEBRUARIE 2018

„...God het hulle verhoor omdat hulle hulle **vertrou op Hom gestel het**“ 1 Kron. 15.20

1-2 **Uitreike in Korsika eiland en Bretagne in Junie en Aug.** Bid vir uitreikers en dat die here voorsien in die kostes.

3-4 **Internet bedieninge in Europa (IB).** Miljoene Europese kinders het nog nooit die Goeie Nuus van die Evangelie een keer gehoor nie. Hoe sal hulle in God glo as hulle nie van Hom gehoor het nie? Bid dat die Here die Europese IB departement wysheid gee

hoe om nuwe toepassings te ontwikkel. Bid ook vir die nodige fondse vir die ontwikkeling.

**5-6 Evangelisasie kommissie plaaslike gemeente.** Bid dat die Heilige Gees ons bemoedig, inspireer en lei hoe om effektief die evangelie **gedurig uit te dra.**

**7-8** Bid vir bekerings, **HERLEWING** en kerk inskakeling van die mense wat die Evangelie die afgelope 10 jaar ontvang het.

**9-10 Jean, Holly, Anna en Sophie.** Dank die Here vir hulle liefde vir Hom. Bid vir seëninge op hulle bediening. Jean gee steeds klas vir VERITAS. Dank die Here dat hulle Anna en Sophie in Sy weë opvoed. Anna word 7 – bid dat sy steeds vir Jesus orals sal skyn, vir beskerming en goed groei en mooi leer.

- **VERITAS opleiding(10e).** Bid vir die fasiliteerders en dat al die deelnemers bemoedig sal word om te volhard.

**11-12** Besoek aan **SAG Gemeente VK.** Dank die Here vir die gemeente se aktiewe betrokkenheid in die Franse Sending. Bid dat God die geleentheid seën.

**13-14** Bid dat God in alles wat ons doen verheerlik word en dat Sy Koninkryk kom. **Soli Deo Gloria.**

**15-16 Onbereikte streek LIMOUSIN.** Bid dat baie mense van die deel gered sal word. Bid vir kinderwerkers in dié streek.

**17-18 Nasionale kantoor.** Dank die Here vir al die nuwe publikasies. Loof die Here vir Johan se sekretaresse se ywer en harde werk.

**19-20 Johan en Rita vlieg na SA.** Vertrou die Here vir 'n aangename en veilige vlug.

**21-22 Onbereikte streek BRETAGNE.** Bid vir predikante vir die gemeentes.

**23-24 Meer werkers vir die oes.** Bid dat die Here van die oes na die 7 uitstaande onbereikte streke werkers sal stuur.

**25-26 AUVERGNE.** Bid vir 'n werkers vir die oes onder buitekerklike kinders in dié streek en toerusting van gelowiges.

**27-28 Ons kleinkind Ruben** is 4 jaar oud(27). Dank God vir sy lewensvreugde. Bid vir sy bekering, goeie vordering by die skool en vir beter taalvermoë.

- **AMETIS** (Huis vir bejaardes) **deputasie** optrede. Dank die Here vir die mensies se getroue gebede en belangstelling in die Franse Sending

**29 Geloofsending.** Loof die Here vir Sy getroue voorsiening oor al die jare en vir elke ondersteuner. Bid dat die Here hulle sal seën.

### MAART 2018

"Elkeen het 'n siter en 'n goue bak vol wierook gehad, die **gebede van die gelowiges**" Openb 5.8b

**1-2 Marcel en Elise Bloemhof.** Dank God vir hulle aktiewe deelname in die gemeente. Bid vir Elise se gesondheid (MS), vir wysheid vir Marcel met sy professionele situasie en dat die Here Lana en Ruben sal red.

**3-4 NGK HERMANUS erediens.** Bid vir seën op die optrede, dank die Here vir voorbidders en medewerkers.

**5-6 NOYON** (Calvyn se geboorte dorp) Dank die Here dat die gemeente bly groei.

**7-8** Vertrou God vir 7 nuwe werkers vir die volgende 5 jaar in die onbereikte streke

**9-10 VERITAS opleiding.** Bid dat elkeen van die 23 deelnemers sal groei in die studie en interpretasie van die Bybel.

**11-12 NGK GRABOUW erediens.** Dank die Here vir die gemeente se sendingvisie. Bid dat die Evangelie steeds verder sal versprei.

**13-14** Webblad **beraders.** Bid vir die roeping van meer beraders. Dank God vir almal wat getrou volhard – bid vir moed en krag.

**15-16** Bid steeds vir bekerings, **HERLEWING** en kerk inskakeling van die groot getal gesinne wat die Evangelie die afgelope 10 jaar ontvang het.

**17-18 NGK Stellenberg. Deputasie.** Dank die Here vir die gemeente se Koninkryksvisie wat

aan die kinders geleer word. Bid vir seën op die optrede.

**19-20 Loof die Here vir Sy getrouheid oor 35 jaar in Frakryk**

**21-22** Mag God ook verheerlik word deur die bekering van gesinne wat die Evangelie tydens die **komende uitreike** sal ontvang.

**23-24 Nasionale CEF Werkers byeenkomste, beheerraad.** Bid vir wysheid vir besluite en onderskeiding van God se wil.

**25-26 STRAND-NOORD. Deputasie.** Dank die Here vir die gemeente se sendingvisie en aktiewe deelname in die Franse Sending. Bid dat die Evangelie steeds verder sal versprei.

**27-28 Dank die Here vir elke gebedsondersteuner en medewerkers.**

**29-31 Loof die Here** vir Sy getrouheid oor al die jare deurdat Hy elke dag in ons lewens- en bediening **behoefte voorsien.** Bid dat Hy die bydraers ryklik sal seën.

**Help asb. posgeld spaar:** Vra gebedsversoeke en nuusbrief aan **per epos** en gee u naam en straat adres dat ons dit van die poslys kan afhaal. Skryf aan by : [bloemhof@free.fr](mailto:bloemhof@free.fr)

### BYDRAES PER TJEK:

**Maak asb. uit aan "Child Evangelism Fellowship"**

**Spesifiseer** asb. VIR "ds J. F. Bloemhof Nr 30" / Stuur u tjek bydraes aan **CEF SA**, Posbus 3139, Somerset-Wes 7129 **Navrae:** Dr Ernest van Zyl Tel 083 660 0106 **E-pos:** [cefsafinance@gmail.com](mailto:cefsafinance@gmail.com) **Faks** 086 540 6700 vir 'n amptelike kwitansie.

### BANK/INTERNET of STOPORDER betalings:

**Bank:** FNB **Rek. naam:** Child Evangelism Fellowship;  
**Verwysing:** Meld asb. u **NAAM en VAN** en sé: "VIR ds J.F. Bloemhof nr 30"

**Takkode:** 200912 **Rek. nr.:** 53 800 042 847. Stuur 'n afskrif van u inbetalings aan bg. adres vir 'n amptelike kwitansie.

### DEBIETORDERS:

U kan ook die CEF SA kantoor skakel (083 660 0106) of e-pos [cefsafinance@gmail.com](mailto:cefsafinance@gmail.com) en 'n DEBIETORDER vorm aanvra indien u op hierdie wyse die bediening **maandeliks wil ondersteun. Spesifiseer asb. dat u 'n vorm** aanvra vir die CEF Bediening van **Ds Bloemhof**